Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2017

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

PUNTE: **70**

TYD: **2 uur**

* A F R F A 2 *

Hierdie vraestel bestaan uit 32 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel deurlees nie.

2. Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.

3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A:	Roman	(35)	
AFDELING B:	Drama	(35)	
AFDELING C:	Kortverhale	(35)	Beantwoord vrae op albei kortverhale.
AFDELING D:	Gedigte	(35)	Beantwoord vrae op albei gedigte.

4. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en dui die vraagnommers van die TWEE letterkundetekste wat julle in die klas behandel het, aan.

5. Beantwoord TWEE vrae: EEN VRAAG uit elkeen van die TWEE afdelings wat julle behandel het. LET WEL: Indien jy AFDELING C (Kortverhale) of AFDELING D (Gedigte) beantwoord, moet jy BEIDE vrae uit hierdie afdelings beantwoord.

6. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

9. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling/vraag.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou in staat stel om die vrae te kies wat jy wil beantwoord sonder om deur die hele vraestel te lees.

AFDELING A: ROMAN			**PUNTE**	**BLADSY NR.**
VRAAG 1:	*Kringe in ’n bos*	Kontekstuele vraag	35	**4**
	OF			
VRAAG 2:	*Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*	Kontekstuele vraag	35	**7**
	OF			
VRAAG 3:	*Meeulanders*	Kontekstuele vraag	35	**10**
	OF			
VRAAG 4:	*Lien se langstaanskoene*	Kontekstuele vraag	35	**13**
AFDELING B: DRAMA				
VRAAG 5:	*Poppie – die drama*	Kontekstuele vraag	35	**17**
	OF			
VRAAG 6:	*Paljas*	Kontekstuele vraag	35	**20**
	OF			
VRAAG 7:	*Fiela se kind*	Kontekstuele vraag	35	**23**
AFDELING C: KORTVERHAAL Beantwoord albei kortverhale				
VRAAG 8:	Veertig sinkplate teen die suidewind	Kontekstuele vraag	18	**26**
	EN			
	Vegvlieënier Vivian	Kontekstuele vraag	17	**27**
AFDELING D: GEDIGTE Beantwoord albei gedigte				
VRAAG 9:	Rondom my	Kontekstuele vraag	18	**29**
	EN			
	Ek het ’n huisie by die see	Kontekstuele vraag	17	**31**

KONTROLELYS
Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.
LET WEL: Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het.

AFDELING		**VRAAGNOMMERS**	**VRAE BEANTWOORD**	**MERK (√)**
A	Roman	1–4	1	
		OF		
B	Drama	5–7	1	
		OF		
C	Kortverhale	8	1 (twee kortverhale)	
		OF		
D	Gedigte	9	1 (twee gedigte)	

AFDELING A: ROMAN

VRAAG 1: *KRINGE IN 'n BOS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

TEKS A

"Van wanneer af skuld ons mekaar."
Maar hy haal die muntstuk uit sy sak en sit dit op die omgekeerde blik wat as tafel staan, neer. "Koop dan maar twak en so aan, oom."
"Ek wil nie jou geld hê nie!" Oom Martiens is skielik vyandig en trots soos 'n berg.
"Smyt dit dan in die vuur, oom! Ek is nie melaats nie en my geld is nie gesteel nie." Hy besef skielik hoe moeg hy werklik is. Van alles.
"Daar is min dinge waarvan julle my nie beskuldig het in hierdie bos nie, oom Martiens, maar die laaste genot sal ek julle nie gee nie: julle sal nie kan sê Saul Barnard het om kos kom bedel nie! Oom vat die geld vir die kos of ek wil die kos nie hê nie."
Êrens in 'n boom hou 'n bosduif op met koer, in die onderbos warrel die kleinvoëls bedrywig.
"Van wat het ons jou beskuldig?" vra die ouman uitdagend-agterdogtig.
"Van alles wat julle kon. Vir Arend ook."
"Ek het jou nooit vir Arend blameer nie!"
"Ander het."
"Dan's dit hulle saak," sê hy en kyk Saul reguit in die oë. "Ek het nie gepraat nie. Arend het gepraat voorlat hy sy vlees verlaat het."
Die bosduif het weer sy koer begin en Saul weet skielik daar is iets wat die ou man wil sê, maar nie weet hoe nie.
"Wat het Arend gesê?"

1.1 "Van wanneer af skuld ons mekaar?" (Reël 1)

1.1.1 Waarom pas die woord "ons" in hierdie gesprek, maar sou nie in gesprekke met die meeste bosmense gepas het nie? (1)

1.1.2 Watter vergelyking uit die uittreksel weerspieël die bosmense se vasklou aan hulle menswaardigheid? (1)

1.1.3 Waarvoor wou Saul hom betaal? (1)

1.2 "Daar is baie min dinge waarvan julle my nie beskuldig het nie." (Reël 8)

Noem die dinge waarvan Saul in hierdie roman beskuldig was. Noem DRIE feite. (3)

Kopiereg voorbehou

1.3 “Ek is nie melaats nie” (Reël 6)

1.3.1 Wat sê die woord “melaats” oor die houding van die bosmense teenoor Saul? (1)

1.3.2 Na aanleiding van watter tragiese insident het Saul gedink kan oom Martiens Botha vir Saul ook as melaats beskou het? (1)

1.3.3 Wie moet wel die grootste skuld dra vir bogenoemde tragedie en waarom? (2)

1.4 “Julle sal nie kan sê Saul Barnard het om kos kom bedel nie.” (Reëls 10 en 11)

1.4.1 Waarom kon Saul met soveel selfvertroue sê dat hy nie om kos bedel nie?

Gee TWEE redes. (2)

1.4.2 Noem die insident tydens Saul se kinderjare toe sy familie soos bedelaars gevoel het. (1)

1.5 Noem ten minste TWEE emosies wat Saul in hierdie uittreksel wys. (2)

1.6 “Wat het Arend gesê?” (Reël 23)

1.6.1 Watter TWEE onwaarhede word in hierdie gesprek met Martiens Botha opgeklaar? (2)

1.6.2 Watter karaktertrek van die bosmense is deur hierdie aksie van oom Martiens blootgelê? (1)

1.6.3 Met watter gevoel het Saul dus na hierdie uittreksel weggestap? (1)

1.7 Waarom was dit vir Saul belangrik dat die onwaarhede oor hom opgeklaar word? (1)

1.8 Saul is op pad Meulbos toe.

Waarom moes hy so dringend daar uitkom? (1)

1.9 Sy tog na Meulbos was gevul met teleurstellende waarnemings?

Noem TWEE waarnemings. (2)

1.10 Toe Saul van Martiens af wegstap, waarsku hy vir Saul teen Oupoot.

Wat is ironies omtrent hierdie waarskuwing? (2)

1.11 Bewys dat die stelling waar is dat Martiens nie ryk is nie. Haal ’n frase aan uit die uittreksel. (1)

Kopiereg voorbehou

1.12 Haal 'n voorbeeld uit die uittreksel dat selfs die natuur die spanning tussen Saul en oom Martiens aanvoel. (1)

1.13 Saul is moeg "van alles".

Gee EEN voorbeeld van die "alles" waarvan hy moeg is. (1)

1.14 Kies die korrekte woord om die paragraaf te voltooi. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.14.1–1.14.3) neer.

Oupoot; Kate; vriendelik; Maska; katterig; wraaksugtigheid; geldgierigheid

Terwyl Saul na sy skerm terugloop het, het … (1.14.1) hom agtervolg. Hulle was … (1.14.2) toe hulle mekaar sien. Kate beskuldig hom van … (1.14.3). (3)

1.15 Kies die naam uit KOLOM B wat by die gebeurtenis in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (1.15.1–1.15.4) en die letter (A–E) neer, bv. 1.15.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
1.15.1	Saul sien Oupoot die eerste keer	A	Oppad Diepwalle toe
1.15.2	Saul se ma bly daar	B	Australië
1.15.3	Patterson se geboorteplek	C	Groot Eiland
1.15.4	Waar Saul se meubelmakery was	D	Swellendam
		E	Kaapstad

(4)

[35]

VRAAG 2: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

TEKS B

1. "Maar hoe gaan ek haar kontak?" vra hy.
2. "Ons sal wel in die week iewers gaan inkopies doen, "troos Beyers. "Dan kan sy
3. van daar af bel."
4. "Maar as sy... as iets gebeur ... as sy vroeër huis toe wil kom?"
5. "As iets gebeur, sal ons natuurlik dadelik laat weet. Anders kan jy haar
6. volgende Sondag kom haal. Soos afgespreek?"
7. "Moenie worry nie, Pops," sê Sharon en soen hom op die wang. "Ek sal oukei
8. wees."
9. Hy laat gly sy oë deur die groot kombuis-eetkamer-sitkamer, die stokou stoele
10. wat nie by mekaar pas nie, die ingesakte rusbank, die uitgetrapte mat voor die
11. koolstoof. Dis duidelik dat hy glad nie seker is dat sy oukei sal wees nie. Om
12. die waarheid te sê, ek ook nie. Sharon is gewoond aan verhitte vloere en
13. verhitte handdoekrelings, aan soveel warm water as wat sy wil gebruik net
14. wanneer sy dit wil gebruik, aan haar eie selfoon en haar eie rekenaar met haar
15. eie e-posadres. Dis glad nie onmoontlik dat sy dalk vroeër sal wil huis toe
16. gaan nie.
17. Op hierdie oomblik verskyn Yann uit sy kamer, 'n dwalende gees met sy
18. oorfone steeds op sy kop geplak, en knik afgetrokke vir Sharon en haar pa
19. terwyl hy vir homself 'n koppie tee skink. Sharon lyk min gepla met sy
20. onbeskofte houding. Haar tande skitter spierwit soos sy glimlag.
21. "Dis glad nie so erg soos ek gedog het nie," sê Sharon toe ek vir haar die toilet
22. langs die kombuis wys. Dis 'n outydse affêre met 'n tenk wat hoog teen die
23. muur sit en 'n ketting waaraan jy baie hard moet trek as jy die bak met 'n flou
24. stroompie water wil uitspoel.

2.1 Waarom sou jy ook senuweeagtig oor Sharon se koms wees as jy Hanna was?

Gee TWEE feite. (2)

2.2 "Maar hoe gaan ek haar kontak?" (Reël 1)

2.2.1 Watter emosie openbaar Sharon se pa met hierdie vraag? (1)

2.2.2 Na watter manier van kontak het haar pa verwys. (1)

2.2.3 Watter sigbare redes was daar op daardie stadium sodat Sharon se pa genoeg rede sou hê om haar te kontak? (1)

2.3 "Ek sal oukei wees." (Reël 7)

Verduidelik hoe hierdie woorde later:

2.3.1 Waar EN (1)

2.3.2 Onwaar word, gedurende Sharon se kuier op die berg. (1)

Kopiereg voorbehou

2.4 Wat het Gavin die perfekte stiefpa vir Hanna gemaak?

Gee DRIE feite. (3)

2.5 Yann "knik" afgetrokke vir Sharon. Hoe verander sy houding later teenoor Sharon. (1)

2.6 "Moenie worry nie, Pops", sê Sharon. (Reël 7)

2.6.1 Met verwysing na bogenoemde aanhaling, hoe het Sharon en Hanna se biologiese pa's verskil? (1)

2.6.2 Hoe verander Hanna se siening oor haar pa aan die einde van die verhaal? (1)

2.6.3 Watter raad sou jy aan kinders gee wat ook probleme met hul ouers het? (1)

2.7 "Dis glad nie so erg soos ek gedog het nie." (Reël 21)

2.7.1 Waarom was Sharon verbaas toe sy agterkom dat die huis tog 'n toilet en badkamer het? (1)

2.7.2 Waarom is dit vir jou ironies dat die afwesigheid van weelde nie vir Sharon gepla het nie? (2)

2.7.3 Watter lewensles leer 'n mens uit hierdie houding van Sharon? (1)

2.7.4 Waarom dink jy is dit verkeerd van Sharon se pa om haar nooit saam te neem na haar ouma in die Karoo nie? (1)

2.7.5 Watter ooreenkoms is daar tussen Sharon se ouma en Hanna? (1)

2.8 Gavin het Hanna se verjaarsdag onvergeetlik gemaak.

2.8.1 Hoe het Gavin Hanna se verjaarsdag onvergeetlik gemaak? (1)

2.8.2 Waarom was sy egter senuweeagtig oor sy koms. (1)

2.9 Hanna het 'n obsessie met Sharon se voorkoms gehad.

2.9.1 Hoekom sou juis Sharon se tande Hanna se aandag trek? (1)

2.9.2 Noem enige ander probleem wat Hanna met haar voorkoms gehad het. (1)

2.9.3 Hoe het Hanna se siening oor hoe sy oor haarself voel aan die einde verander? (1)

Kopiereg voorbehou

2.10 Waarom was:

2.10.1 Hanna en (1)

2.10.2 Yann aan die begin nie juis beïndruk met Margot nie? (1)

2.10.3 Wat het Hanna se siening oor Margot drasties verander? (1)

2.11 Kies die korrekte woord om die paragraaf te voltooi. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.11.1–2.11.3) neer.

rivier gesak het; reën opgehou het; Margot se Tarrot-kaartjies; die weervoorspelling; vloere; mure

Op die berg het die huismense beurte gemaak om te gaan kyk of die ... (2.11.1) Volgens ... (2.11.2) behoort Margot deur die drif te kan kom. Beyers is verbaas toe hy hoor Mana wil die ... (2.11.3) skrop. (3)

2.12 Kies die gebeurtenis uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas.

Skryf net die vraagnommer (2.12.1–2.12.4) neer, bv. 2.12.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
2.12.1	Volgens Margot is Hanna die slimkop in die familie.	A	Hanna se verjaarsdag
2.12.2	Gavin het ’n probleem met die huismense se smaak van klere.	B	Margot se aankoms
2.12.3	Hanna vind meer uit oor Sharon se ouma.	C	Gavin se aankoms
2.12.4	Margot besluit om alleen te gaan draf ten spyte van die reën.	D	Margot se vertrek
		E	Sharon se aankoms

(4)

[35]

VRAAG 3: MEEULANDERS – Esta Steyn

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

TEKS C

1. Fred toon nie reaksie nie. Hy stap deur na die woonkamer toe en Hermanus
2. hoor hoedat hy die drankkabinet oopmaak en ’n glas uithaal. Die saak het
3. reeds te ver gevorder, besef Hermanus. Die wig is reeds te diep tussen
4. hulle ingedryf, en as hy nie oppas nie, gaan hy vir Fred ook verloor. Hy stap
5. woonkamer toe. Fred is besig om ys in sy glas te gooi en hy kyk nie op nie.
6. “Ek…gaan nou,” sê Hermanus, maar Fred kyk steeds nie na hom nie.
7. Hy meng sy drankie en sy stem is sag en beslis toe hy uiteindelik praat: “Ek
8. gaan met haar trou, Pa. Ek het haar ontsettend lief,”
9. Hermanus draai om en loop uit. Dit voel asof Fred se woorde hom agtervolg
10. tot in die portaal, tot buite op die stoep, tot waar hy in sy kar klim en
11. Salamander-Suid toe ry.
12. By die skoolsaal bly hy lank in die donker motor sit voordat hy uitklim. Sy
13. kop voel meteens dof en swaar. Elsabet in Sheila se plek? Hy kan hom nie
14. die rooikopvrou in hulle huis voorstel nie! Hy kan maar net bid dat Fred
15. betyds tot sy sinne sal kom.
16. Toe Hermanus Blanckenberg die oorvol skoolsaal binnestap, verleen dit
17. meteens ’n nuwe status aan die okkasie, ’n Blanckenberg bly nou maar
18. eenmaal ’n gesalfde in Salamander-Suid.

3.1 Die uittreksel begin by die einde van ’n baie spanningvolle gesprek tussen Hermanus en Fred Blanckenberg.

3.1.1 Waarom stap Hermanus as ’n baie bekommerde pa daar weg?

Gee DRIE feite (3)

3.1.2 Watter “saak” het alreeds te ver gevorder?

Gee TWEE feite. (2)

3.2 3.2.1 Vir wie het Hermanus alreeds verloor? (1)

3.2.2 Wat was die oorsaak van die verwydering tussen Skalla en Fred?

Gee TWEE feite. (2)

3.3 “Ek … gaan nou” (Reël 6)

Waarop kan die beletseltekens dui?

Kies die korrekte antwoord uit die lysie hieronder

- verlies;
- verydeling;
- twyfel (1)

3.4 Waarom dink jy skink Fred vir homself ŉ drankie? (1)

3.5 3.5.1 Wat is die verskil dat daar nou daarmee niks verkeerd is dat Fred trou nie? (1)

3.5.2 Waarom het Hermanus dan ŉ probleem daarmee? Gee TWEE redes (2)

3.6 Haal ŉ voorbeeld van personifikasie uit hierdie uittreksel. (1)

3.7 3.7.1 Waarom kan die Blanckenbergs nie nou negatiewe publisiteit bekostig nie? (1)

3.7.2 Watter tragiese insident het alreeds soos ŉ donker wolk oor die Blanckenbergs gehang? (1)

3.7.3 Wat was die direkte oorsaak van hierdie tragedie? (1)

3.8 Waarom is dit reg om te aanvaar dat Fred die meeste van die skoolgemeenskap se stemme sou verseker? (1)

3.9 3.9.1 Hermanus ontmoet vir Ryna by die skoolvergadering.

Wat is haar verbintenis aan die skool? (1)

3.9.2 Hoe verskil die vrou, Ryna, wat aan die begin van die verhaal by Meeuland aankom, van die Ryna wat aan die einde Meeuland verlaat? (2)

3.9.3 Watter les kan ŉ mens hieruit leer? (1)

3.9.4 Waarom kan ŉ mens verstaan dat sy met haar tweede naam en nooiensvan vir die werk by Meeuland aansoek gedoen het? (1)

3.10 Beskryf die ongewone omstandighede hoe Ryna oornag Janka se ma geword het.

Gee TWEE feite. (2)

3.11 Geheimsinnigheid word weer deel van Ryna se lewe op Meeuland.

3.11.1 By watter geheim raak sy hier betrokke? (1)

3.11.2 Watter lang onopgeloste geheime word egter nou in eie haar lewe opgelos?

Gee TWEE feite. (2)

Kopiereg voorbehou

3.12 Kies die korrekte woord om die paragraaf te voltooi.

Skryf slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer (3.12.1–3.12.3) neer.

Attie; Jacob; diamantboot; vissersboot; strikke; padblokkades

Ryna maak 'n kersvaderpak vir … (3.12.1). Attie besluit om later op 'n … (3.12.2) in Suid-Wes te gaan werk. Die polisie stel … (3.12.3) op om Skalla te vang. (3)

3.13 Kies die insident uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas.

Skryf net die vraagnommer (3.13.1–3.13.4) en die letter (A–E) neer, bv. 3.13.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
3.13.1	Ryna ontdek 'n malgasnes met 'n malgas- en 'n duikereiertjie daarin.	A	Janka word raakgeskiet
3.13.2	Twilight het huis toe gekom.	B	Skalla word doodgesteek
3.13.3	Jacob aanvaar die hulp van Fred se prokureur.	C	Elsabet verdrink
3.13.4	Jakob besluit om die kreefdiewe groot skrik te maak.	D	Kinnie sterf
		E	Ryna verlaat Meeuland

(4)

[35]

VRAAG 4: LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

TEKS D

1. Juffrou Breytenbach loer oor haar brilletjie na die klas.
2. “Ons moet iets omtrent die rekwisietekamer agter die saal doen voordat ons met
3. die nuwe stuk begin,” sê sy terwyl sy oor die klas kyk.
4. “Ek soek iemand om my te help.”
5. Lien kyk te laat weg. Juffrou Breytenbach kyk na haar.
6. “Kom Lien, kry nog iemand en dan kom help julle my. Die res van julle moet met
7. julle opstelle aangaan.”
8. Lien wil skree. Hoekom het sy nie gouer weggekyk nie? Sy kyk om haar rond. Sy
9. weet nie wie om te vra nie. Miemie kyk vir haar. Lien wink vir haar. Hulle het nou wel
10. nie ’n sak sout saam opgeëet nie, maar *steak* en *tjips* is al ’n begin, dink Lien. In stilte
11. volg hulle juffrou Breytenbach, wat klik-klak met haar hoë hakke die gang af stap.

12. Toe Juffrou Breytenbach terugkom, kry hulle tog in die deurmekaar vertrek
13. orde geskep. Lien voel op ’n manier tuis in die deurmekaarspul.
14. Dit ruik na iets waarvan sy dink sy hou. Die stof en grimering en al die klere en
15. kleure en stukke dekor laat haar tuis voel.
16. Juffrou Breytenbach hang ’n paar kostuums in die ingeboude kas in die hoek van die
17. vertrek. “Ons kan dit weer gebruik,” sê sy terwyl sy haar brilletjie regskuif. ’n Mens
18. weet nooit nie.”
19. Dit was die meeste pret wat sy in jare gehad het, dink Lien toe hulle terugstap klas
20. toe. Sy en Miemie is skielik half ongemaklik met mekaar nadat hulle so simpel was
21. in die rekwisietekamer.

4.1 Die titel waaruit hierdie uittreksel kom, is: “Julia Roberts sonder die mond”.

4.1.1 Waarna verwys “sonder die mond” letterlik? (1)

4.1.2 Wat sê “sonder die mond” van Lien se emosionele toestand? (1)

4.1.3 Op watter rolprent is die verhoogstuk gebaseer wat deur Lien se klas opgevoer gaan word? (1)

4.2 “Lien kyk te laat weg.” (Reël 5)

4.2.1 Afgelei van bogenoemde woorde, hoe was Lien van plan om te reageer op juffrou Breytenbach se versoek om in die rekwisietekamer te help? (1)

4.2.2 Waarom dink jy voel Lien “op ’n manier tuis in die deurmekaar-spul”? (1)

Kopiereg voorbehou

4.3 “Hulle het nou wel nie ’n sak sout saam opgeëet nie.” (Reëls 9 en 10)

4.3.1 Verduidelik wat met hierdie woorde bedoel word deur te verwys na Lien en Miemie. (1)

4.3.2 Noem TWEE geleenthede waartydens die twee mekaar se geselskap geniet het. (2)

4.3.3 Noem EEN ooreenkoms tussen die pa’s van Lien en Miemie. (1)

4.4 4.4.1 Wat is die rede waarom Lien se pa nie meer by die huis is nie? (1)

4.4.2 Watter effek het die afwesigheid van Lien se pa op haar ma gehad? (1)

4.4.3 Noem DRIE voorbeelde van hoe Lien se pa se afwesigheid druk op Lien geplaas het. (3)

4.5 Lien kry dit reg om orde in die rekwisietekamer te skep.

Wat maak hierdie stelling ironies as ’n mens na haar eie lewe kyk? (2)

4.6 “Ons kan dit weer gebruik. ’n Mens weet nooit nie.” (Reëls 17 en 18)

4.6.1 Hoe raak hierdie woorde waar in Lien se lewe? (1)

4.6.2 Watter slegte nuus ontvang Lien wat haar forseer om van die kostuums gebruik te maak? (1)

4.6.3 Watter tema van hierdie roman hou verband met bogenoemde aanhaling? (1)

4.7 “Dit was die meeste pret wat sy na jare gehad het” (Reël 19)

4.7.1 Watter ander karakter by die skool sorg vir pret in Lien se lewe? (1)

4.7.2 Dink jy Lien was reg om toe te laat dat haar omstandighede die pret uit haar lewe wegneem?

Motiveer jou antwoord. (1)

Kopiereg voorbehou

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

TEKS E

1. Roos kyk na die pamflet.
2. “Dis dan Checkers! Dis nie Spar nie!” sê sy vir Magriet.
3. “Oeps,” sê Magriet en slaan haar hand voor haar mond. Lien en Tibbey kyk
4. na mekaar. Roos gluur vir Magriet en draai sonder ’n woord om en stap
5. vinnig, vooroor gebuig met haar handsakkie onder die arm en haar
6. plastieksak vol blikkies na die uitgang van die sentrum. Dan volg Tibbey met
7. sy vlag en sy sakkie en dan Lien met haar sakkie halfprice en haar rooi
8. sportsak. *Shopping* gedoen.

9. Weer die Volvo. Hulle kom elke middag hierlangs. Sproet met Sproetjie op
10. die agterste sitplek. Hy gaan haal haar seker iewers by ’n kleuterskool,
11. vermoed Lien.
12. Sproet groet soos gewoonlik vriendelik, terwyl hy glimlag en stip na haar kyk.
13. “Britney, sê vir die tannie met die lelike skoene ek gaan ’n boetie kry.” Soos
14. gewoonlik ignoreer Lien die klein snip.
15. Sproet gee weer, baie. Lien vat die geld ongemaklik.

4.8 4.8.1 Verduidelik die misverstand by Lien-hulle soos afgelei uit bogenoemde uittreksel. (2)

4.8.2 Hoe het hulle tog voordeel getrek uit die misverstand by Spar? (1)

4.9 Verduidelik die rol wat die rooi sportsak in Lien se lewe gespeel het. (1)

4.10 “Weer die Volvo.” (Reël 9)

4.10.1 Wat suggereer die bostaande woorde? (1)

4.10.2 “Sproet gee weer, baie.” (Reël 15)

Met watter bybedoelings het Sproet vir Lien baie geld gegee? (1)

4.10.3 Watter hedendaagse bedryf of gebruik word hier gesuggereer? (1)

4.11 Kies die korrekte woord om die paragraaf te voltooi. Skryf slegs die antwoord langs die nommer (4.11.1–4.11.3) neer.

Wimpie; Wouter; stiefma; stiefpa; ma; Hein; Malie’s Garden

Toe Wouter sy lisensie kry, het hy dit by ... (4.11.1) gevier. Lien is met ... (4.11.2) matriekafskeid toe. Wouter gaan by sy ... (4.11.3) vakansie hou. (3)

4.12 Kies die naam uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas.

Skryf net die vraagnommer (4.12.1–4.12.4) neer, bv. 4.12.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
4.12.1	Speel swak klavier	A	Braam
4.12.2	Groot voete soos sy pa	B	Juffrou Breytenbach
4.12.3	Ry ’n rooi Renault	C	Christiaan
4.12.4	Village idiot	D	Mnr. Bruwer
		E	Lien

(4)

[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: DRAMA

VRAAG 5: POPPIE - DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

TEKS F

Hulle sing die bruilofslied

1. POPPIE. Wat het ek nou gedoen? Bhuti Plank, Hoedjie, Moesie, waar's
2. julle? Julle het my hier gelos.
3. SKOONSUSTER. Ons gaan nou vir jou die makoti-klere aantrek. En dan
4. gaan ons terug voorhuis toe. *(Sy gee vir Poppie die kopdoek aan, help*
5. *haar om dit om te bind.)*
6. POPPIE. Nou is dit die ukuyalwa…die tyd van vermaninge. Nou word
7. vertel hoe ons moet saamlewe en hoe ons ons moet gedra. *(Sy gaan sit*
8. *op blik.)*
9. MOSIE *(aan albei).* Julle is nou ander soort mense…nuwe mense.
10. SKOONSUSTER (*aan Poppie).* Jy moet nou na die man se mense kyk
11. en jy moet weet jy is hulle kind.
12. PLANK. (*aan Poppie).* Jy wat vrou is, jy moet nou nie die familie waar jy
13. ingetrou het, gaan uitmekaar maak nie.
14. HOEDJIE (*aan Stone).* Jy moet weet jy is die kind van jou skoonmense
15. en jy moet inspring as hulle iets oorkom.
16. POPPIE (*aan gehoor).* Dis nou die hardste punt in die Xhosa se
17. troue…dis die droewigste, want nou vertel hulle vir jou sulke woorde tot
18. jy huil in die voorhuis. Vir almal is dit droewig, want soos die ou mense
19. daar sit, dink hulle jy weet nie waarin jy jou nou beland het nie. (*Sien hoe*
20. *almal droewig wegbeweeg.)* Dan sien jy die ou mense huil saam met
21. jou. Jy word hartseer oor die woorde wat op jou val … want jy trou nie
22. die man alleen nie, jy trou in die familie in, jy's nou onder hulle dak.

5.1 POPPIE: "Julle het my hier gelos." (Reël 2)

5.1.1 Waar is die hier waarna Poppie verwys? (1)

5.1.2 Noem DRIE dinge wat nou hier met Poppie gebeur?

Gee DRIE feite. (3)

5.1.3 Wat is die vermaninge wat Poppie hier ontvang. (1)

5.1.4 Dink jy die vermaninge is nodig?

Motiveer deur EEN karaktertrek van Poppie te noem? (1)

5.1.5 Wat bedoel Mosie as hy sê: "Julle is nou ander soort mense … nuwe mense"? (Reël 9) (1)

5.1.6 Wat is ironies omtrent die atmosfeer wat in hierdie uittreksel heers? (2)

5.1.7 Verduidelik Hoedjie se woorde: "… jy moet inspring as hulle iets oorkom …" (Reël 15) (1)

5.1.8 Voel jy dat Stone en Poppie ewe veel verantwoordelikhede teenoor mekaar se families het? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

5.2 Bestudeer Poppie se woorde aan die gehoor vanaf reël 16.

5.2.1 Watter emosie ervaar Poppie afgelei van hierdie woorde? (1)

5.2.2 POPPIE (*aan gehoor).* "… dink hulle jy weet nie waarin jy jou nou beland het nie."

Wat gee Poppie hiermee te kenne? (1)

5.3 Haal TWEE opeenvolgende woorde aan wat duidelik verwysings na die drama as 'n genre het. (1)

5.4 5.4.1 Om watter rede het Poppie later haarself weer in Hershel bevind? (1)

5.4.2 Waarom was Stone dan nie saam nie? (1)

5.5 Wanneer eers, soos afgelei uit die uittreksel, voel die ou mense dat die vrou verstaan wat hulle aan haar oordra? (1)

5.6 5.6.1 Om watter redes is dit waar dat Poppie nie sommer dadelik van Stone gehou het nie?

Gee TWEE feite. (2)

5.6.2 Poppie en Stone trou op 'n "verkeerde" tyd in SA se geskiedenis. Motiveer hierdie stelling deur na TWEE onaangename gevolge in hulle lewe te verwys.

Gee TWEE feite. (2)

5.7 Voel jy dis reg dat 'n getroude man en vrou apart van mekaar moet bly? (1)

5.8 Hoe word van Stone se lobola vir die troue gebruik? (1)

5.9 Gee TWEE bewyse dat Stone 'n goeie man vir Poppie was. (2)

5.10 Watter ware les is daar vir getroude mense in hierdie uittreksel? (1)

5.11 Hoe bewys Poppie haarself as 'n goeie ma in hierdie drama?

Gee TWEE feite. (2)

5.12 Kies die korrekte woord om die paragraaf te voltooi. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.12.1–5.12.3) neer.

sterwe; word gesond; Philippi; Lambertsbaai; verblyfpermit

Stone glo 'n mens … (5.12.1) in 'n hospitaal. Dis by die melkery by … (5.12.2) waar hy siek word. Hierdie werk het verseker dat hy 'n … (5.12.3) kry. (3)

5.13 Kies die gebeurtenis uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas.

Skryf net die vraagnommer (5.13.1–5.13.4) en die letter (A–E) neer, bv. 5.13.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
5.13.1	Stone is tevrede met haar huis.	A	Stone kuier
5.13.2	Stone se min besittings pas in 'n trommeltjie.	B	Stakings
5.13.3	Stone kan nie deelneem nie	C	Polisie soek Jakkie
5.13.4	Stone is nou tata-ka-Bonsile.	D	Stone sterwe
		E	Poppie trou met Stone

(4)

[35]

VRAAG 6: PALJAS – CHRIS BARNARD

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

TEKS G

1. Emma het intussen onseker in die voordeur kom staan
2. NOLLIE: Hello, Emma! *(Hy sê dit ’n bietjie hard om sy eie ongemaklikheid te*
3. *verberg.)* Hoe gaan dit?
4. HENDRIK: Nollie wil jou die perdeblomme loop wys.
5. EMMA: Nee, dankie
6. NOLLIE: Tannie, sy’t belowe sy sal saam met my Volstruisdans toe gaan.
7. HENDRIK: Wát?
8. EMMA: As Ma-hulle ook gaan.
9. KATRIEN: Ek sal gaan as Pa my vra.
10. HENDRIK: W-á-t?
11. KATRIEN: Ek sou laas jaar ook gegaan het as iemand my gevra het.
12. (*Sy gaan die huis in.)*
13. Hendrik staan haar verbaas en agterna kyk.
14. Willem loop koes-koes tussen die bloekombome deur. Hy hou sy
15. twee hande bak voor hom. Hy dra vier dik snye brood met botter en konfyt
16. op.
17. Twee jong manne, vroeg twintig, staan op ’n afstand vir hom en kyk.
18. Naby die skuur sit hy dit op ’n boomstomp neer. Hy kyk rond en gee ’n kort
19. fluit. Dan swaai hy om en hardloop terug huis toe.

6.1 6.1.1 Hoekom dink jy was Emma onseker toe sy in die voordeur kom staan?

Gee TWEE feite. (2)

6.1.2 Gee EEN rede waarom Nollie ook ongemaklik was. (1)

6.2 6.2.1 Volgens Nollie het Emma hom belowe om saam Volstruisdans toe te gaan.

Waarom is hierdie stelling nie heeltemal waar nie? (1)

6.2.2 Met verwysing na VRAAG 6.2.1, dink jy Nollie het hier reg teenoor Emma opgetree?

Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

6.3 Waarom is Hendrik so verbaas oor Emma se antwoord? (1)

6.4 Waarom word die Volstruisdans as ’n belangrike konflikmoment in hierdie drama beskou? (1)

6.5 KATRIEN: “Ek sou laas jaar ook gegaan het as iemand my gevra het.” (Reël 11)

Noem TWEE moontlike beskuldigings wat Katrien na Hendrik slinger oor die toestand van hul huwelik. (2)

Kopiereg voorbehou

6.6 6.6.1 Watter emosie ervaar Willem as hy "koes-koes" tussen die bloekombome deurloop? (1)

6.6.2 Waarom sou hy hierdie emosie ervaar? (1)

6.6.3 Waarom sou die twee jongmanne vir Willem staan en kyk?

Gee DRIE feite. (3)

6.6.4 Waarom is dit belangrik dat hy die brood naby die skuur neersit? (1)

6.7 HENDRIK: "Nollie wil jou die perdeblomme loop wys." (Reël 4)

6.7.1 Waarom sou hierdie handeling van haar pa vir Emma vroeër hewig ontstel het? (1)

6.7.2 Wie se kant (Emma of Hendrik s'n) sou jy in die verlede gekies het en waarom? (1)

6.8 6.8.1 Emma hou aan skep en gooi. Sy gooi die water al hoe nader aan Nollie.

Hoe verskil hierdie handeling van Emma teenoor Nollie in vergelyking met voorheen in die drama? (2)

6.8.2 Watter huislike omstandighede het Emma vroeër so laat optree? (1)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

TEKS H

1. Willem gee 'n gilletjie as sy ma te diep steek.
2. KATRIEN: Die ding sit diep, Boetie. Byt op jou tande.
3. HENDRIK: Watse gesukkel is dit met 'n naald? Willem, toor
4. die doring uit, man!
5. KARTIEN: Hendrik, begin jy al weer…
6. Willem gee weer 'n gilletjie, ruk sy voet weg en spring van die muurtjie af. Hy wil hol, maar sy pa gryp hom.

6.9 HENDRIK: "Willem, toor die doring uit man!" (Reël 3)

6.9.1 Willem ervaar hier fisiese pyn. Wat was egter die oorsaak van die emosionele pyn in Willem se lewe? (1)

6.9.2 Hoe het Manuel Willem se probleem reggetoor? (1)

6.9.3 Watter duidelike bewys was daar dat hy sy probleem oorkom het? (1)

6.10 KATRIEN: "Hendrik begin jy al weer …" (Reël 5)

Waaroor waarsku Katrien vir Hendrik? (1)

Kopiereg voorbehou

6.11 Hoe het hierdie gesin vir Manuel gehelp toe hy pyn gehad het?

Gee TWEE feite. (2)

6.12 Wat sou jy as die tema van hierdie drama beskou? (1)

6.13 Hoe is Hendrik en sy gesin se gesinslewe demonstrasie van die tema? (1)

6.14 Kies die korrekte woord om die paragraaf te voltooi. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.14.1–6.14.3) neer.

planne; probleme; trou; kinders hê; seer

Volgens Emma gesels hulle as ’n gesin nie oor hul … (6.14.1) nie. Dis waarom sy nie eendag wil … (6.14.2) nie. Sy voel hulle moet oor alles praat, al maak dit hoe … (6.14.3). (3)

6.15 Kies die naam uit KOLOM B wat by die gebeurtenis in KOLOM A pas.

Skryf net die vraagnommer (6.15.1–6.15.4) en die letter (A–E) neer, bv. 6.15.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
6.15.1	Die hoogtepunt van die spanning.	A	Motoriese moment
6.15.2	Die opdaag van sirkustrein.	B	Toe die nar geskiet word
6.15.3	Die dorpsmense aanvaar nie die McDonalds nie.	C	Die gebeure by die Volstruisdans
6.15.4	Katrien is baie besorgd oor haar voorkoms.	D	Willem raak bevriend met Manuel
		E	Frans daag by Hendrik se huis op

(4)

[35]

VRAAG 7: FIELA SE KIND – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

TEKS I

1.	FIELA:	Dis my hanskind.
2.	LANGE:	Wat jy waar gekry het, vra ek jou.
3.	FIELA:	Waar kry jy hansgoed? Ek het hom gekry waar sy ma hom gelos
4.		het, dis waar ek hom gekry het.
5.	LANGE:	Waar was dit?
6.	FIELA:	Net daar waar baas nou sit.
7.	LANGE:	Wanneer?
8.	FIELA:	Amper nege jaar gelede. Middel van die nag.
9.	DIKKE:	Hy lyk ouer as nege.
10.	FIELA:	Hy is.
11.	DIKKE:	Hoe oud is hy?
12.	FIELA:	Ek weet nie, ek het hom so op drie geskat die nag.
13.	LANGE:	Jy sê jy het hom hier voor jou agterdeur gekry. Het hy gestaan
14.		of gesit of gelê?
15.	FIELA:	Gestaan.
16.	LANGE:	Ek dink jy lieg.
17.	FIELA:	Vir wat sal ek lieg? Ek het die nag nog wakker geword van ’n
18.		kind wat huil en toe ek kom oopmaak, toe staan hy hier. Iemand
19.		het hom voor my deur kom los.
20.	DIKKE:	Het jy iets gehoor?
21.	FIELA:	Nee. Net die kind.
22.	LANGE:	Maar dit het jou nie die reg gegee om hom te hou nie. Dis ’n
23.		wit kind!
24.	FIELA:	Moes ek hom buite laat staan het?
25.	LANGE:	Moenie vir jou probeer slim hou nie, vrou. Jy het ’n wit kind op
26.		jou werf en tussen jou ander kinders in die huis en jy weet net
27.		so goed soos ek dat dit nie die regte ding is nie.
28.	FIELA:	Wat van die bruin kinders op die wit mense se werwe en in hulle
29.		huise en tussen hulle kinders?
30.	LANGE:	Dis ’n ander saak. Saans gaan daardie kinders huis toe, dis
31.		die werfvolk se kinders. Dis ’n verkeerde ding hierdie.
32.	FIELA:	Sê wie?

7.1 FIELA: “Dis Benjamin, my hanskind?” (Reël 1)

7.1.1 Wat is ’n hanslam? (1)

7.1.2 Hoe pas bogenoemde term by Benjamin? (1)

7.2 LANGE: “Maar dit het jou nie die reg gegee om hom te hou nie.” (Reël 22)

7.2.1 Watter politieke stelsel probeer Lange hier verdedig? (1)

7.2.2 Waarom dink jy is dit reg dat hy hierdie stelsel verdedig het? (1)

7.2.3 Stem jy saam dat Fiela doelbewus probeer het om Benjamin daar te hou?

Motiveer jou antwoord deur TWEE feite te gee. (2)

Kopiereg voorbehou

7.3 LANGE: “Dit kan nie jou kind wees nie.”

7.3.1 Wat maak hierdie stelling waar vir die periode waarna hierdie drama verwys? (1)

7.3.2 Hoekom sou die stelling vandag nie noodwendig waar wees nie? (1)

7.3.3 Watter klag kon die polisie moontlik teen Fiela ondersoek indien Lange se agterdog waar sou wees? (1)

7.4 Hoe oud word Benjamin nou geskat volgens die uittreksel? (1)

7.5 LANGE: “Het hy gestaan of gesit of gelê?” (Reëls 13 – 14)

Wat is Lange se motief met hierdie vraag? (1)

7.6 Sou jy sê Lange het nie juis met baie respek teenoor Fiela opgetree nie?

Motiveer jou antwoord. (1)

7.7 Watter stereotipering kan ’n mens uit die uittreksel aflei? (1)

7.8 Watter woord in die uittreksel herinner ’n mens aan Apartheid? (1)

7.9 Waarom word die sensusbeampte slegs as “Lange” voorgestel? (1)

7.10 LANGE: “Dis ’n verkeerde ding hierdie.” (Reël 31)

7.10.1 Waarna verwys die “dis” waarvan hier gepraat word? (1)

7.10.2 Wat is ironies omtrent Lange se aangehaalde woorde? (2)

7.11 Benjamin Komoetie se naam verander later na Lukas van Rooyen.

7.11.1 Benjamin het volstrek geweier om ’n nuwe identiteit te aanvaar.

Gee DRIE feite waarom hy dit tog later moes doen. (3)

7.11.2 Hoe forseer Elias hom om sy nuwe naam te aanvaar. (1)

7.11.3 Watter korrupte aksie het tydens die hofverrigtinge plaasgevind? (1)

7.11.4 Waarom het Barta egter met die waarheid uitgekom? (1)

7.12 7.12.1 Noem TWEE voordele wat Benjamin tog geniet het toe hy as Lukas van Rooyen bekend was. (2)

7.12.2 Waarom het Benjamin homself aan die einde as ’n Komoetie beskou? (1)

Kopiereg voorbehou

7.13 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.13) en die antwoord neer.

Die funksie van die STEM OP BAND is om (tydspronge aan te dui/die volgende toneel aan te kondig). (1)

7.14 Kies die korrekte woord om die paragraaf te voltooi. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (7.14.1–7.14.3) neer.

bos; twaalfjarige; dertienjarige; primitief; Lange Kloof; hardwerkend

Die bruin Komoetie-gesin het in die … (7.14.1) gebly. Benjamin word op … (7.14.2) ouderdom van Fiela weggeneem. Die wit Van Rooyen-gesin word as … (7.14.3) voorgestel. (3)

7.15 Kies die naam uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (7.15.1–7.15.4) en die letter (A–E) neer, bv. 7.15.5 F.

KOLOM A	KOLOM B
7.15.1 “ ’n Ooi wat haar lam weggegooi het, draai nie terug nie.”	A Kittie
7.15.2 “Jy het my belieg”	B Fiela
7.15.3 “Wat moet ek nou skryf, Ma”	C Lukas
7.15.4 “Ek gee nie langer my geld af nie, vir niemand nie”	D Lange
	E Nina

(4)

[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

AFDELING C: KORTVERHALE

SPIEËLBEELDE

Beantwoord die vrae oor ALTWEE die volgende kortverhale

VRAAG 8

VEERTIG SINKPLATE TEEN DIE SUIDEWIND – Dana Snyman

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

TEKS J

Ons hou stil in 'n straat vol klippe en slote in Tshing.
Ventersdorp se township. "Is dit nou jou huis hierie, Johannes?"
vra ek.
"Dis my huis, Makosi," sê Johannes, en glimlag vir sy huis.
Marokkastraat 143, Extention Four, Tshing, Ventersdorp, Suid-Afrika.
Ons klim uit my bakkie, ek en Johannes. Ek kuier 'n paar dae by my pa
op Venterdorp, en Johannes, wat al 'n ruk by my pa werk, het gevra of
ek nie vir hom 'n rol ogiesdraad hier kan kom aflaai nie. My pa het
pakkamer skoongemaak en besluit Johannes kan maar die rol draad
kry.
Johannes wil 'n hoenderhok met die ogiesdraad bou. Ons lig dit van
die bakkie en dra dit oor Johannes se skoongevede werf. In die hoek
van die werf staan reeds vier bloekomlote ingeplant – die skelet van 'n
hok waarvoor Johannes nog die hoenders moet kry. Die hond het hy
darem al. Hy is maer en geel en lê langs 'n pampoenrank in die
buitekleinhuisie se skadu, met 'n vraagteken vir 'n stert, en 'n halsband
om die nek, vas aan 'n ketting, wat weer om 'n draad vas is wat laag
oor die lengte van die werf gespan is.

8.1 Kyk na die titel.

8.1.1 Aan watter sosiale probleem in Suid-Afrika laat die titel jou dink? (1)

8.1.2 Noem ten minste EEN simboliese betekenis wat 'n mens aan die suidewind kan koppel. (1)

8.2 Noem ten minste EEN kontras tussen die verteller en Johannes. (2)

8.3 Tshing is 'n township in Ventersdorp.

Gee enige DRIE feite uit hierdie kortverhaal wat kenmerkend is van 'n township in Suid-Afrika. (3)

8.4 Die hond se stert maak 'n vraagteken terwyl hy daar lê.

Watter figuurlike betekenis kan daaraan gekoppel word? (1)

Kopiereg voorbehou

8.5 Bewys uit die uittreksel dat daar ’n goeie verhouding tussen die verteller en Johannes was. (1)

8.6 Johannes weet presies hoeveel plate hy gebruik het. Wat kan ’n mens hiervan aflei?

Gee TWEE feite. (2)

8.7 Watter emosie openbaar die verteller in hierdie uittreksel? (1)

8.8 Watter boodskap oor menseverhoudings wil hierdie kortverhaal aan ons oordra? (1)

8.9 Wat sou jy voorstel kon die verteller doen om Johannes beter te leer ken het? (1)

8.10 Watter nuwe betekeniswaarde het die verteller se ou bank in Johannes se huis gehad? (1)

8.11 Kies die korrekte woord om die paragraaf te voltooi. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (8.11.1-8.11.3) neer.

kennisgewingbord; dakplaat; Extension One; Extension Two; lemoene; piesangs; appels

Die een plaat was eers ’n … (8.11.1) by ’n kafee; ’n ander een het hy by iemand in … (8.11.2) gekry. Johannes se huis het na … (8.11.3) geruik. (3)

[18]

EN

VEGVLIEËNIER VIVIAN – Francois Geringer

Lees die uittreksel hieronder deur en die vrae wat daarop volg:

TEKS K

1. “Dan gaan ek die eerste een wees!” kap sy vurig terug. Net na matriek
2. meld sy aan vir die streng keuring.
3. Die teorie slaag sy met vlieënde vaandels. Ook die sielkundige toetse,
4. maar tydens die ondervraging deur die keurraad is dit ’n voël van ’n ander
5. kleur, want vrae soos: “Hou jy daarvan om mense dood te maak? Kan jy
6. ’n medemens koelbloedig doodmaak en daarna nog rustig slaap? Wat laat
7. jou dink jy het die krag en uithouvermoë om te slaag?” laat haar sterk twyfel
8. of sy geskik bevind sal word.
9. Haar antwoord van: “Vir my land, die nuwe Suid-Afrika, sal ek bereid
10. wees om my lewe op te offer!” gee egter die deurslag en sy word aanvaar.

8.12 “Dan sal ek die eerste EEN wees!” kap sy vinnig terug. (Reël 1)

8.12.1 Waar bevind Vivian haar toe sy hierdie woorde sê? (1)

8.12.2 Wat bedoel Vivian met hierdie woorde? (1)

8.13 "Die ondervraging deur die keurraad was ŉ voël van ŉ ander kleur." (Reël 4)

8.13.1 Verduidelik die woorde: "… ŉ voël van ŉ ander kleur". (1)

8.13.2 Hoekom is hierdie idioom so gepas in die konteks van die werk wat Vivian daar doen? (1)

8.13.3 Waarom dink jy is dit reg dat die ondervraging so moeilik was? (1)

8.14 Watter vraag dink jy het nie eintlik met oorlog te doen nie en waarom sê jy so? (2)

8.15 Gee ŉ bewys dat sy tog ŉ belangrike bydrae gelewer het sodat haar kollegas ook hul kursus kon slaag. (1)

8.16 8.16.1 Hoe bewys Vivian dat sy haar eie man in die oorlog kan staan?

Gee DRIE feite. (3)

8.16.2 Wat was egter ironies in haar aksies om bogenoemde te bewys? (2)

8.17 Kies die beskrywing uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas.

Skryf net die vraagnommer (8.17.1–8.17.4) en die letter (A–E) neer, bv. 8.17.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
8.17.1	Die vaartversnelling druk Vivian teen die rugleuning vas.	A	Vivian ontvang haar opleiding.
8.17.2	Sy kan nie ŉ verkeerde besluit neem nie.	B	Die vliegtuig styg op.
8.17.3	Sy voel die mag van ŉ president.	C	ŉ Berekeningsfout.
8.17.4	Vivian skuif aan die linkerkant van die Kaptein Swart in.	D	Vivian se besoek aan die Paasskou.
		E	Vivian verbreek protokol.

(4)

[17]

TOTAAL AFDELING C: 35

AFDELING D: GEDIGTE

VERSKUNS

Beantwoord die vrae oor ALTWEE die volgende gedigte.

VRAAG 9

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Rondom my – Dawie de Jager

1. Ek wil my tyd vat hierdie keer
2. ek moet my tyd vat hierdie keer
3. want die haastigheid in my
4. het my al veels te veel keer
5. ondergekry
6. my ondergekry.

7. Ek wil my tyd vat hierdie keer
8. ek moet my tyd vat hierdie keer
9. Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë.
10. Ek weet daar is dinge wat jou ook nog pla
11. dinge wat jou terughou.
12. Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees.
13. Kom wees net jy, kom wees net jy.

14. As jy wil tyd vat hierdie keer
15. kom vat ’n rukkie hier by my
16. As jy wil tyd vat
17. kom wees hier rondom my
18. kom wees hier rondom my
19. net as jy wil…
20. net as jy wil.

9.1 Watter kenmerk van hierdie gedig maak van dit ’n liriek? (1)

9.2 9.2.1 Haal TWEE agtereenvolgende woorde uit strofe 1 aan wat daarop dui dat die spreker al in vorige verhoudings betrokke was. (1)

9.2.2 Watter woord in strofe 1 sê vir ons dat hy hierdie keer nie ’n keuse het in sy anderse benadering nie? (1)

9.3 Watter ironiese teenstelling is daar tussen die titel en reël 14? (2)

9.4 Watter karaktertrek van die spreker het sy vorige verhoudings laat faal? (1)

9.5 Wat wil die digter beklemtoon deur die herhaling van “ondergekry” in reëls 5 en 6? (1)

Kopiereg voorbehou

9.6 9.6.1 Hoe weet die spreker dat daar nog onsekerheid by sy geliefde is oor hul verhouding? (1)

9.6.2 Wat is die "blou" wat hy in haar oë sien? (1)

9.7 9.7.1 Wat wil die spreker volgens reël 12 hierdie keer eers doen voordat hy ernstig raak met die verhouding? (1)

9.7.2 Waarom is dit reg dat die spreker hierdie besluit neem soos by VRAAG 9.7.1 genoem?

Gee TWEE feite. (2)

9.8 Waarom is die paarrym in hierdie gedig baie gepas? (1)

9.9 Waarom herhaal die digter die titel in reëls 17 en 18?

Gee TWEE redes. (2)

9.10 Dink jy nie dat die spreker 'n bietjie selfsugtigheid teenoor sy geliefde openbaar nie?

Motiveer jou antwoord. (1)

9.11 Met watter woord in strofe 1 vorm "tyd vat" 'n kontras? (1)

9.12 Watter houding by die spreker word deur reëls 19 en 20 openbaar? (1)

[18]

EN

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Ek het 'n huisie by die see – H.A. Fagan

1. Ek het 'n huisie by die see. Dis nag.
2. Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
3. teenaan die rots waarop my huisie staan
4. met al die oseaan se woeste krag.
5. Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,
6. soos van verlore siele in hul nood
7. al dwalend, klagend, wat in graf en dood
8. geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.

9. My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
10. Ek hoor dan maar hoe loei die storm daar buite,
11. ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
12. hier binne is dit veilig, warm en dig.

13. Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
14. dit is 'n rots waarop my huisie staan.

9.13 Gee TWEE funksies wat die spreker se huisie vir hom verrig. (2)

9.14 Kyk na die titel. Behalwe dat die huisie klein is, waarna verwys die verkleiningsvorm ook nog? (1)

9.15 9.15.1 Watter woord in strofe 1 dui daarop dat die golwe sonder ophou teen die rots slaan. (1)

9.15.2 Hoe word die idee van "sonder ophou" versterk in strofe 1? (1)

9.16 9.16.1 Watter gevoel wek die eerste twee strofes by die leser? (1)

9.16.2 Watter gevoel is by die spreker teenwoordig in die laaste strofe? (1)

9.17 Waarom dwaal die siele volgens reël 6 rond? (1)

9.18 Watter sintuie word gebruik om die spreker se omgewing te ervaar? (2)

9.19 Watter woord klink soos die geluid wat die storm buitekant maak? (1)

9.20 Kies elke keer die korrekte woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommers (9.20.1 en 9.20.2) onderskeidelik, met die korrekte woord tussen hakies, neer.

9.20.1 Die klankherhaling wat help om die klanknabootsing in reël 5 te versterk, is (alliterasie/assonansie). (1)

9.20.2 Die swaarmoedige atmosfeer in reël 7 word verder deur (lang/kort) a-klanke aangehelp. (1)

Kopiereg voorbehou

9.21 Kies die beskrywing uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (9.21.1–9.21.4) en die letter (A–E) neer, bv. 9.21.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
9.21.1	"...die rots waarop my huisie staan."	A	Gevare
9.21.2	Die wind, weer en see.	B	Uitdaging
9.21.3	Rymende eindkoeplet.	C	Geloof
9.21.4	Gelykenis van die dwase en die verstandige.	D	Stemming
		E	Intertekstualiteit

(4)

[17]

TOTAAL AFDELING D: 35
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou